
Die koers van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1894-1924

A D Pont

Universiteit van Pretoria

Emeritus-professor

Abstract

The direction of the Nederduitsch Hervormde Kerk, 1894-1924

In 1894 the section of the Nederduitsch Hervormde Kerk which withdrew from the attempt at church unification in 1885 and those members of the church who had taken part in the unification but withdrew in 1890, joined forces. The question posed in this article is: what direction did the church take after this point in time? It is argued that, although there was a certain amount of friction in the congregation of Pretoria, the course of the church continued in the direction outlined by the synod of the church in 1888. The church was hampered in its growth by the events leading up to the war of 1899-1902. During the years 1902-1924 the church was gradually rebuilt. The outward pressure on the church and its struggle to maintain itself, pre-empted any possibility of different theological groupings developing in the church.

1. INLEIDING

Dit is vanjaar, 1994, 'n honderd jaar gelede dat die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat nie deelgeneem het aan die kerkvereniging van 1885 nie, en daardie lidmate van die Kerk wat wel verenig het maar wat deur die Prokurasiekommissie (Engelbrecht 1955:327-344) uit die vereniging gelei is, weer 'ineengesmelt' het (Wolmarans s a:65). Dié ineen-smelting het plaasgevind tydens die Algemene Kerkvergadering van 30 April 1894 (Wolmarans s a:69; NHK Argief, Notule AKV 1894).

Die vraag is nou: Wat was die koers wat die kerk na 1894, na die ineen-smelting ingeslaan het? Dié vraag is om twee redes belangrik: Die eerste rede is dat daar twee duidelike, omlindende groepe was wat vir 'n tyd lank, minstens vanaf die kerkvereniging van Desember 1885, langs mekaar bestaan het. Enersyds was daar die Konsulentsgemeente van Pretoria wat in 1886, saam met die lidmate van Middelburg en Trichardsfontein, vir ds M J Goddefroy uit Nederland beroep het.

* Referaat gelewer op 22 November 1994 tydens die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Universiteit van Pretoria.

Hulle was, volgens die uitspraak van die Hooggeregshof in 1893 in die Trichardtsfontein-kerksaak, die wettige voortsetting van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Onder leiding van Goddefroy en ouderling C J Joubert, is daar in 1888 'n Algemene Kerkvergadering byeengeroep en is die reorganisasie van die kerk aangepak. In 1891 is ds Jac van Belkum, in Rustenburg bevestig wat beteken het dat die kerk weer oor twee predikante beskik het.

Die Prokurasiekommissie was in 'n sekere sin 'n merkwaardige groep. Dit is gevorm deur 'n groep lidmate van die Hervormde Kerk wat in Desember 1885 lidmate van die verenigde kerk geword het. Hulle het hulleself egter steeds as lidmate van die Hervormde Kerk beskou in 'n voorlopige vereniging wat, na hulle mening, eers tot stand sou kom met die vasstelling van die naam van die kerk (Pretorius 1986:469-470). Die Prokurasiekommissie waarvan A D W Wolmarans die werklike leier was, het in 1890 beduidende steun gekry toe die grootste gedeelte van die gemeente Potchefstroom, gelei deur ds C W du Toit, uit die vereniging onttrek en hulle by die Prokurasiekommissie aangesluit het (Pretorius 1986:470). Die Prokurasiekommissie het 'n beleid gevolg om diegene wat uit die vereniging uitgetree het, weer in gemeentes te organiseer en kerkraadslede te kies. As afsluiting van dié aksie is daar in 1892 'n 'kerkverband' deur die gemeentes gekonstitueer in 'n sinodale vergadering (NHK Argief, Notule samesprekings Kommissie van die AKV en Prokurasiekommissie November 1892). Daarmee het dié gemeentes daarop aanspraak gemaak dat hulle ook kerk was. A D W Wolmarans het in die samesprekings met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in November 1892 hom so uitgedruk:

... de eene partij is blijven staan bij de oude Ned Herv Kerk, de andere partij is later van de Vereeniging weggegaan. Wij zijn door de loop der omstandigheden twee geworden daar wij niet wisten op welk standpunt wij in rechten zouden aanspreken of aangesproken worden. De tijd is er nu voor om een te worden.

Na verskillende onderhandelings het die ineensmelting plaasgevind tydens die Algemene Kerkvergadering van 30 April 1894 (Wolmarans s a 69 en N H Argief, Notule AKV 1894).

Na 1894 was dit tog opvallend dat daar, in betreklike sin, twee pole in die Hervormde Kerk ontwikkel het. In Oos-Transvaal het Goddefroy en Van Belkum voortgegaan met die gewoonte om predikante uit Nederland te betrek om so 'n Nederlandse keerwal te bou teen die Kaapse, koloniale invloed. In Wes-Transvaal waar Du Toit groot aansien gehad het, is predikante uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk beroep.

Hoewel daar uit die notules van die vergaderings van die ampte geen blyke van spanning tussen die twee groepe gevind kon word nie, het ouderling Janson van Dullstroem in 1899 tog gepleit vir die handhawing van die 'Hollandsch-Afrikaansche karakter' van die Kerk teenoor die Kaaps-Engelse koloniale kultuur en lewensopvatting (NHK Argief, Notule AKV 1899-1902).

'n Tweede rede waarom daar na die koers van die kerk gevra kan word, is dat die kerk, wat in 1894 organisatories en administratief weer gekonsolideer is, vanaf 1899 aan groot en ingrypende veranderings binne die leefwêreld van die Afrikaner blootgestel is. Slegs 'n paar datums kan dit aandui: die Engelse Oorlog van 1899-1902 wat tot die uitwissing van baie Afrikaners gelei het; die ekonomies-kulturele druk op die Afrikaner na 1902; die gedwonge verstedelikingsproses na die oorlogsjare; en die verbeterde politieke stryd waarvan die Rebelle van 1914-1915 en die staking van 1922, simptome was (Bruwer 1988:472-501).

Dit is duidelik dat, gegewe hierdie omstandighede, dit nie so maklik is om die koers van die kerk te bepaal nie. Die kerk immers, is 'n geloofsgemeenskap wat al die gelowiges omvat wat onder die leiding van die Here Jesus Christus, die enige koning van die kerk, deur die wêreld en die tyd, op pad is na die toekoms en die fisiese weerkoms van die Here. Dit gaan dus, om dit so te stel, om die koers, die inhoud van die geloof van die kerk. Omdat Christus sy kerk lei, enersyds deur sy Woord en Gees en andersyds deur die ampsdraers wat Hy daarvoor geroep het, kan die koers van die kerk nagevors word in die uitsprake van predikante en die vergaderings van die ampte wat die kerk regeer. Dan is die vraag: het hierdie diensknegte van die Here die kerk op dié koers gehou wat die gelowiges geroep is om te gaan? Dit was veral Van Belkum wat in sy *Brieven van Oom Sarel in De Hervormer* vanaf 1909 hieroor voortdurend sy bekommernis uitgespreek en rigting probeer gee het.

Aan die ander kant is die kerk, soos dit in die 19e eeu in Europa gebruiklik geword het, ook verstaan as 'n genootskap, 'n vereniging. Soos Oom Sarel dit gestel het (*De Hervormer*, 15 Maart 1911): 'Eene kerk is eene vereeniging van menschen, die een zekere godsdienst aanhangen, een zekere godsdienst wil uitoefenen of verbreiden en vormt een lichaam of eenheid.' Dit is óók moontlik om dan aandag te gee aan die koers van die kerk as genootskap — teologies, maatskaplik en kultureel. Dan word dit 'n oorsig van die geskiedenis.

Dit sou egter nie die vraag beantwoord as daar slegs iets oor die geskiedenis van die genootskap gesê sou word nie, want al was die kerk georganiseer as 'n genootskap of vereniging, is die bestaan daarvan nie daardeur bepaal nie, maar eerder deur die verkondiging van die evangelie, die doop én die genadeverbond en die viering van die Nagmaal. Daarom, as die koers van die kerk ter sprake kom, gaan dit inderdaad om die koers van die gelowiges, die geloofskoers van die kerk.

Ten slotte is daar geoordeel dat vir die doeleindes van hierdie ondersoek die eerste dertig jaar, na 1894, die koers duidelik genoeg sal aandui. Daar is geen verdere rede nie al was dit so dat die politieke oorwinning van Generaal J B M Hertzog in 1924, 'n einde gemaak het aan die owerheidsbeleid wat die nasionaalgesinde Afrikaner so veel as moontlik wou verneder (McCord 1952:357-434). Miskien kan dit geld as 'n eerste aanduiding van die koers van die kerk, veral as kennis geneem word van die briëfskrywer wat in *De Hervormer* van 15 Oktober 1909 die volgende stel:

Onze vaderen hebben ons de Hervormde kerk als een erfenis gegeven. Wij willen die erfenis heilig bewaren door Gods genade. En onze meening is, wij kunnen het niet beter doen, dan op het voetspoor der vaderen En wij, de opvolgers van die voorouders, meenen dat wij die erfenis niet beter kunnen waarderen, dan onzen God te dienen zooals onze vaderen Hem gediend hebben.

2. DIE JARE 1894-1899

Na die ineensmelting van die Konsulentsgemeente met die Prokurasiekommissie kon die predikante en ouderlinge voortgaan met reorganisasie en die bymekaarmaak van die lidmate en die kerk self voortgaan met die taak om 'n getuie van die Here te wees. Tog het die situasie in die ou Republiek, veral vanaf die ontdekking van goud in 1886, verander. Dit is veral veroorsaak deur die ontwikkelinge aan die Witwatersrand en die daaropvolgende toestroming van fortuinsoekers. Vanweë die bepalinge van artikel 14 van die Londense Konvensie van 1884, het Engelse onderdane reg van toegang tot die land gehad. Dit het onder andere beteken dat teen 1896 daar al meer as 15 000 Kolonialers aan die Rand gevestig was, afgesien van die toestroming van Engelse. Onder die immigrante was daar soveel Afrikaanssprekendes uit die Kaapkolonie en ander dele van Suid-Afrika dat die verenigde kerk met rasse skrede gegroei het en, wat getalle betref, die Hervormde Kerk gou oortref het. So word die verenigde kerk met sy Kaapse predikante, die getalsterkere kerk. Die suikrag van 'die groot kerk' wat baie predikante het, voor en ná die Engelse Oorlog van 1899-1902, het meegebring dat Hervormde lidmate die kerk verlaat het omdat die kerk tot ongeveer die vyftigerjare van hierdie eeu, geworstel het om die terugslag van die kerkvereniging en die verarming van lidmate as gevolg van die Engelse Oorlog, te oorkom.

Die eerste saak waaraan aandag gegee is na 1894, was die verkryging van predikante. Daarvoor is daar veral deur Goddefroy teruggekeer na die beleid om predikante uit Nederland te beroep. In 1895 is ds A Lagerwey, 'n goeie vriend van Goddefroy, na Heidelberg beroep. In 1896 is ds C Spoelstra na Pretoria beroep. Hierdie beroep het

die probleme van die gemeente Pretoria na vore laat kom. Dit het saamgehang met die feit dat in Pretoria drie groepe, elk met hulle eie lojaliteite, saamgevoeg was. Dit was in die eerste plek die lidmate van die Konsulentsgemeente wat saam met Middelburg en Trichardsfontein, Goddefroy se standplaas gevorm het. Die Konsulentsgemeente, wat dieselfde gemeentegrense as Pretoria gehad het, se swaartepunt het wel rondom Witfontein en Renosterpoort gelê, maar het ook lidmate in en om Pretoria gehad waar Goddefroy se pastorie gesetel was.

Dan was daar die Prokurasiekommissie — mense onder die leiding van ouderling A D W Wolmarans wat, so wil dit voorkom, nie waardering vir Goddefroy gehad het nie. Dan was daar die Hervormers wat by die vereniging gebly het en onder die bediening van ds H S Bosman was, wat ook invloed uitgeoefen het en getrag het om lidmate vir hulle gemeente te werf (Pretorius 1986:552-554).

In Pretoria het die 'ineensmelting' van die Prokurasiekommissie-groep, onder leiding van A D W Wolmarans, moeilik verloop omdat Wolmarans nie Goddefroy se leiding in die gemeente wou aanvaar nie (Botha 1979:143). 'n Oplossing is gesoek met die beroep van Spoelstra, maar as onervare predikant het hy in hierdie situasie misluk (Engelbrecht 1953:353-354). Omdat Goddefroy, vanweë sy kombinasie-standplaas en konsulentskappe, baie van sy tyd buite Pretoria moes bestee, het die situasie in die gemeente ook nie so maklik opgeklar nie. So het die ineensmelting met A D W Wolmarans se Prokurasiekommissie-groep gesloer en selfs in 1899 was dit nog nie voltooi nie. Dit was duidelik dat hulle nie Goddefroy as predikant wou hê nie. Eers na die oorlog, met Goddefroy se vertrek na Middelburg in Februarie 1905, het die 'ineensmelting' plaasgevind (Botha 1979:155-156).

Hier was dit eerder 'n lewenskessie', 'n aanduiding van hoe moeilik mense dit gevind het om in die kerk eendragtig saam te werk ter wille van die voortgang van die evangelie. Dit hang seker saam met die opvatting dat die kerk 'n vereniging of 'n genootskap is waar die lede van die vereniging die bepalende is. Dit was een van die elemente uit die negentiende-eeuse teologie wat die kerk — wat 'n geloofsgemeenskap, gehoorsaam alleen aan die enige Hoof van die kerk, Jesus Christus — groot skade berokken het.

Die intense kulturele druk wat die kerk na die oorlog moes verduur, saam met die worsteling in die kerk op materiële vlak, het geleidelik die eenheid 'afgedwing'. Dit was ook moontlik omdat daar andersyds nie teologiese beginsels op die voorgrond geplaas is nie, en andersyds omdat al die predikante blyke van lojaliteit teenoor die kerk gegee het en sodoende die spanning wat daar moontlik kon ontstaan, voorkom het.

As die koers van die kerk in hierdie tyd aangedui word, dan was dit één van konsolidasie, vashou aan hulp uit Nederland, veral die hulp wat gebied is deur dr F van

Gheel Gildemeester, predikant van Den Haag (Engelbrecht 1953:353). Andersyds was daar die proses om eensgesindheid in die kerk te kry (Botha 1979:126-131) ook rondom die vraag na die voorsiening van predikante vir die kerk. In hierdie verband is die gedagte aan 'n eie opleiding weer beklemtoon. Dit het egter gegaan om die vraag of daar op daardie stadium predikante betrek moes word uit Nederland of uit Stellenbosch. Die skerp afwysing van die Hervormde Kerk deur woordvoerders en vergaderings van die ampte van die verenigde kerk in dié jare, het hierdie beleidsverskil wat ook teologiese aksente gehad het, help bestendig (Engelbrecht 1953:357).

Die politieke omstandighede in die ou Republiek in die jare 1894-1899, het nie juis bygedra dat die kerk en sy probleme, selfs by die lidmate, op die voorgrond was nie. Die politieke druk en die stryd om die Zuid-Afrikaansche Republiek staande te hou, het al die aandag gevra. Geleidelik het die beleid van imperiale Engeland, gesteun deur die geldmagnate in Johannesburg (Nimocks 1968:17vv) om deur middel van 'n oorlog die goud van die Witwatersrand te bekom, voltooiing begin nader. In Oktober 1899 het die oorlog uitbreek en uit die manier waarop Engeland die oorlog gevoer het, het dit duidelik geword dat die oorlog gebruik is as 'n poging om die republikeinse Afrikaner uit te roei (Bruwer 1988:409-457). Dit word bereken dat ongeveer 30 000 Afrikaners, mans, vroue en kinders vanaf 1900 tot Mei 1902 in Engelse konsentrasiekampe gesterf het. 'n Verdere 4 000 burgers het in die oorlog op die slagveld gesneuwel. Dit was die 'complete and final settlement' waarvan die imperialiste se propaganda gepraat het (Little 1903:462).

3. NA DIE OORLOG

Met die Vrede van Vereeniging van 31 Mei 1902 het die republikeinse Afrikaners hulle onafhanklikheid en hulle volkstate verloor en is hulle daarna ingedwing in 'n vreemde staatkundige en politieke stelsel waarbinne die Afrikaner nie weer sy vorige posisie kon herstel nie. Daarby was die land verwoes (Otto 1954:35-39), die bevolking tot die bedelstraf verarm en die moontlike middele wat die Afrikaner gehad het om dadelik weer te herbou, is vernietig .

Na die oorlog het Lord Alfred Milner, die Engelse Hoë Kommissaris in die verowerde gebiede, 'n sorgvuldige voorbereide plan deurgevoer om die Afrikaner ook van sy geestes-eiendomlike te vervreem en te verengels. Allereers is Engels as enigste amptelike en gebruikstaal ingevoer. Dit was moontlik want volgens die sensus van 1904 was slegs 49% van die bevolking van Transvaal Afrikaanssprekend terwyl bereken is dat slegs 32% van die stemgeregtigde mans lidmate van die Afrikaanse kerke was. 'n Sorgvuldige immigrasiebeleid asook 'n reëling om 10 000 soldate as die *South*

African Constabulary in die land te behou, het baie tot dié verskuiwing in die bevolkingsamestelling bygedra. Daarnaas is 'n onderwysbeleid ingevoer waardeur die Afrikanerkinders volledig verengels moes word. Engels sou die voertaal wees, terwyl besondere aandag aan die herskrif van die geskiedenis gegee moes word (Bruwer 1988:486-487; vgl ook *The Star*, 20.1.1920). So moes die Afrikaner ingetrek word in die Engelse leef- en kultuurwêreld. Dit is aangehelp deur die sosio-ekonomiese moeras waarin die Afrikaner na 1902 byna versink het (*De Volkstem* 23.7.1904 en 13.1.1906). Dit het veroorsaak dat baie Afrikaners hulle plase moes verlaat om 'n heenkome in die myngebied te probeer vind waar hulle dikwels, losgeslaan van hulle geestelike en kulturele ankers, vir die volk verlore gegaan het. Dit was vir die Afrikaner 'n enorme stryd om allereers net te oorleef en daarna weer op te staan.

4. DIE KERK NA DIE OORLOG

Na die oorlog was die kerk, dit wil sê die lidmate en ampsdraers, in 'n haglike toestand, ook omdat die oorgrote getal gemeentes op die verwoeste platteland geleë was. Stadig maar seker is begin met reorganisasie. Van die voor-oorlogse predikante was ds C W du Toit van Potchefstroom nog daar en ds J van Belkum wat in die Merebank konsentrasiekamp in Natal aangehou is, het weer na Heidelberg teruggekeer. Ds J Beyer van Standerton het in 1900 teruggekeer na Nederland. In Ventersdorp het ds A Murray voortgegaan met sy dienswerk terwyl ds M J Goddefroy eers in 1903 kon terugkeer na Pretoria (Botha 1979:148-152). Vanweë die feit dat Goddefroy, as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, deur die Milner-bestuur verhinder is om na Transvaal terug te keer, moes Van Belkum as skriba in Maart 1903, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering byeenroep om die reorganisasie van die gemeentes weer op gang te kry (NHK Argief, Notule Kommissie AKV, 2 Maart 1903). Op 8 Junie 1903 het die Algemene Kerkvergadering weer vergader om die situasie in oënskou te neem. Dit was nie alleen vir die kerk van belang nie, maar ook vir die volk aangesien daar geen ander strukture na 1902 oorgebly het wat vir die Afrikaner as bolwerk sou kon dien om die aanslae van die Milner-bestuur te trotseer nie.

Die grootste probleme waarmee die kerk self moes worstel, was ener syds die totale gebrek aan stoflike middele en dan die gebrek aan predikante. Omdat die meeste lidmate nie meer oor vervoermiddels beskik het nie, het die plig op die predikant gerus om eredienste te hou waar die lidmate kon saamkom. Dit het in baie gevalle beteken dat die meeste lidmate slegs die Nagmaaldienste kon bywoon en net soms van die ander dienste. 'n Probleem met kerkgang was verder dat baie lidmate die eredienste vermy het, omdat hulle nie meer netjiese klere of selfs skoene gehad het nie. Dit het beteken

dat die troos en die bemoediging van die evangelie nie almal bereik het nie en dat dit moeilik was om al die lidmate te bereik en weer saam te snoer in 'n hegte organisasie (Botes 1989:126-129). 'n Geweldige las het sodoende op die skouers van die predikante én die ampsdraers gerus.

Geleidelik het daar egter weer predikante in die diens van die kerk getree: in 1904 is ds L E Brandt in Zoutpansberg-Waterberg bevestig en in dieselfde jaar het professor P J Muller na Pretoria gekom. In 1905 het ds F S du Toit en ds P W Ennis uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk na onderskeidelik Ventersdorp en Klerksdorp gekom en in 1907 is ds P van Drimmelen, na voltooiing van sy studie in Nederland, Zeerust bevestig. So was daar tog 'n geleidelike toevloei van predikante en het die organisasie en die werk van die kerk weer op gang gekom.

5. DIE ORGANISATORIES-INSTITUSIONELE HEROPBOU VAN DIE KERK

Die eerste gesamentlike poging om die saamhorigheid in die kerk te bevorder was die publikasie van *De Transvaalsche Kerkbode* in September 1904. Gebrek aan finansiële steun het hierdie blad, met prof P J Muller as redakteur, laat ondergaan. In Mei 1909 het Van Belkum begin om *De Hervormer* uit te gee. In sy bekendstelling van die blad, stel Van Belkum:

Zal onze kerk bloeien, dan moet zij een blad hebben waarin het voornaamste kerknieuws komt en de leden der kerk worden voorgelicht in vele zaken De oude *Kerkbode* is veel ontvangen, veel gelezen, weinig betaald en daarom te gronde gegaan.'

Twee jaar vroeër in 1907 het Van Belkum ook begin om 'n jaarlikse Almanak uit te gee. Hoewel beide publikasies ook maar gewurg het vanweë geldgebrek, is daar tog aangehou en volgehou met die uitgee daarvan. Beide publikasies het geweldig baie gedoen om die lidmate te bemoedig en op koers te hou.

Organisatories is die kerk gedien met 'n besluit om vanaf 1910 die gemeentes in ringe te verdeel en om so die onderlinge opsig en samewerking te verbeter. Die nadeel van hierdie besluit was dat hierdie bykomende meerdere vergaderings nie struktureel ingepas was in die orde van die kerk nie. Daardeur het die ringsvergadering, vir 'n groot deel vervlak in 'n administratiewe liggaam waarvan die opsig oor die werk van die gemeentes, by die formalistiese vasehaak het. Dit was egter één van die tekortkomsings in die kerk dat die pragmatisme dikwels geseëvier het bo gefundeerde denke.

'n Saak waarmee die kerk as 'n geheel geworstel het, was die blywende tekort aan predikante. Die vanselfsprekende antwoord daarop was die oprigting van 'n eie oplei-

ding. Dit het egter vasgehaak vanweë 'n gebrek aan geld enersyds en die feit dat daar nog geen universiteit in die Transvaal was nie. Die Algemene Vergadering het in 1909 ten gunste van die oprigting van 'n eie opleiding besluit en daarvoor 2/6 (25c) per lidmaat gevra. Die halfkroner het bitter stadig ingekom veral as bedink word dat 'n 2/6 destyds ongeveer dieselfde koopkrag gehad het as 'n R100 vandag. Die R1,5 miljoen (in deesdae se koopkrag bereken) wat die Vergadering begroot het vir die opleiding, het onbereikbaar hoog gelyk (*De Hervormer*, 15 Augustus 1909). Tog is met volharding met die projek voortgegaan, omdat dit 'n belangrike ideaal gestel het.

In 1909 het die kerk egter die voldoening gehad dat twee jong manne, Prinsloo en Kúhn, wat deur professor P J Muller opgelei is, predikante van die kerk kon word. Dit was die begin van die vervulling van die ideaal om 'eigen landszones' as predikante vir die kerk te verkry. Tog het die vermeerdering van predikante nie dadelik uitbreiding van die getal gemeentes beteken nie. In 1912 moes Oom Sarel nog skrywe (*De Hervormer*, 15 April 1912): 'We hadden kort na de oorlog slechts vier leeraren, nu twaalf; we telden toen 8000 lidmaten, nu 15000. Maar is het aantal gemeenten vermeerderd?'

Naas die poging om 'n gereelde toevoer van predikante te kry, het die kerk veral aandag gegee aan die kategesis, juis omdat dit tot behoud van die kinders van die kerk dien. Waar aanvanklik, voor die oorlog, Goddefroy se *Kort Begrip der christelike heilsleer: Leidraad bij de Katechisatiën*, sy bewerking, verduideliking en uitbreiding van Faulkelius se *Kort Begrip*, algemeen gebruik is, het *De Hervormer* vanaf April 1910 weer Faulkelius se werk herdruk. Geleidelik het dit weer die 'vraeboekie' by uitstek geword. Ten dienste van die Sondagskool, word vanaf Februarie 1916, Sondagskoollesse in *De Hervormer* opgeneem. Aanvanklik het Van Belkum dit behartig maar mettergaan is dit deur ds G E Alers oorgeneem. So is daar gepoog om die opkomende geslagte vir die kerk te behou.

'n Verdere toetrede van die kerk op die vlak van die jeug, was die opening van die Weeshuis in Krugersdorp op 13 Oktober 1923 (*De Hervormer*, 15 November 1923). Die belangrikste gebeure in die kerk in die eerste twintig jaar na die oorlog was egter die totstandkoming van die eie teologiese opleiding aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege op 1 April 1917 (Pont 1992:255-261). Met prof J H J A Greyvenstein as eerste dosent, kon die kerk gerus wees dat die opleiding, hoewel gesetel aan 'n Engelstalige kollege, in teologies aanvaarbare en Afrikaner-konserwatiewe rigting sou gaan. Met die koms van prof S P Engelbrecht na die opleiding in 1921 is hierdie koers bestendig. Hoewel daar nog uitvoerige debatte gevoer is in 1919 en 1922 oor die vraag of die opleiding nie liewer verskuif moet word na die Potchefstroomse Afrikaanstalige Universiteitskollege nie, het dit die goeie voortgang van die opleiding nie beïnvloed nie (NHK Argief, Notule AKV 1919 & 1922). Geleidelik het die opleiding begin voorsien in die predikante tekort en het die toevloei van werkkragte uit die opleiding die kerk in staat gestel om na binne en na buite sy dienswerk te verrig.

Die volhardende toewyding waarmee die kerk heropgebou is na die verwoesting van land en volk gedurende die Engelse oorlog, die wyse waarop die kerk ook bygedra het om die Afrikanervolk te onderhou ten spyte van die doelgerigte verengelsingsbeleid van die Milner-era en daarna, die manier waarop die kerk bygedra het om die probleme van die periode tot 1924, aan te pak, laat duidelik blyk dat die dienswerk van die kerk nie net na binne gerig was nie, maar ook op die leefwêreld van die volk. Dat die kerk dit kon vermag, was vir 'n baie groot deel te danke aan die ampsdraers, die ouderlinge en die diakens, wat die lidmate voorgestaan het. Die organisatoriese struktuur van die gemeentes met die wyksindeling en ouderlinge en diakens wat saam met die gelowiges gewerk en gebou het, het die gelowiges ingebind in 'n eenheid.

Hoewel die predikante soms gekla het oor 'verwarring, verwildering en losbandigheid in de gemeenten' (NHK Argief, Openingsrede AKV 1922), die gebrek aan middele (*De Hervormer*, 15 Desember 1921), is die sentrale taak van die kerk nooit uit die oog verloor nie. So het Oom Sarel dit gestel (*De Hervormer*, 15 Augustus 1921):

Wel zijn wij niet de volkskerk, maar ook wij hebben een groot deel lidmaten, die innerlijk los zijn van de Kerk en alleen nog door de oude gewoonten en een zeker conservatisme tot de Kerk behoren. Wij moeten leren verstaan dat wij maar een klein klompie mensen zijn te midden van de grote, ons omringende volksmenigte Met Hem en Hem alleen moeten wij weer leren als een kleine kudde te staan in het midden der wereld, sterk door ons vertrouwen en geloof (vgl ook Brandt 1925:106-117).

So kon die kerk, hoewel daar 'n tekort aan predikante was en die kommunikasie-middele maar gebrekkig en die stoflike middele beperk, nie net staande bly nie maar voortgaan en groei. Dat die kerk, feitlik sonder enige stoflike hulp van buite, so kon presteer dui op die geloof, die inspanning en toewyding van al die gelowiges. 'De godsdienst der vaderen', so het ds D F Erasmus in 1921 betoog, was die verborge krag wat dit moontlik gemaak het (*De Hervormer*, 15 Februarie 1921).

Dertig jaar na die ineensmelting van 1894 en twee dekades na die Engelse Oorlog, was die kerk organisatories-institusioneel weer heropgebou en in 'n goeie posisie om uit te brei en te groei, nie net in getalle nie, maar ook in geloof en toewyding. Die beproewings wat die gelowiges getref het, het hulle deurworstel en die geloof behou.

6. DIE KOERS VAN DIE KERK OP DIE GODSDIENSTIG-KULTURELE VLAK

In 1888 het die Algemene Kerkvergadering 'n uitspraak gemaak oor die posisie van die kerk in die midde van die Afrikanervolk. Hoewel die kerk, verdeel deur die poging tot kerkvereniging, nog ontwrig was, stel die vergadering dat die kerk, naas sy primêre taak van evangelieverkondiging, as 'de nationale volkskerk' ook op die staatkundig-kulturele vlak 'n taak het (NHK Argief, Notule AKV 1888). In 'n *Broederlijk Schrijven* wat deur die vergadering opgestel is, is gestel (NHK Argief, Notule AKV 1888): 'Onze vaders wilden zichzelf zijn; geen kerkelijke invloed van onderdanen van Engelsche bestuur: de mannen die de Republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelden zich ook in staat een eigen Kerk op te richten: voor het volk, om het volk en door het volk. Laat ons het voorbeeld onzer vaders in eere houden!'

Na 1902 het die kerk, as deel van die verowerde volk, in 'n volkome ander staatkundige en kulturele omgewing beland. Tog het die kerk steeds vasgehou aan die gedagte dat as kerk van Jesus Christus in die midde van die Afrikanervolk, die kerk se gerigtheid met sy boodskap en dienswerk die Afrikanervolk is. In die kultuurwêreld van die Afrikaner en met die taal van die Afrikaner het die kerk gewerk en was dit in die dae na die oorlog 'n bolwerk vir die Afrikaner. Indien Milner se verengelsings- en absorpsiebeleid sou geslaag het, sou die kerk, soos dit vanaf 1853 bestaan het, verdwyn het. Daarom is dit nie so merkwaardig nie dat Oom Sarel in *De Hervormer* voortdurend kommentaar gelewer het, raad gegee het en kritiek uitgespreek het oor die wel en wee van die volk.

Dit is opvallend dat in *De Hervormer* vanaf 1909-1924 daar feitlik geen verwysings is na die sake van die dag of die politiek nie. So kan daar nie uit *De Hervormer* afgelei word dat 'n wêreldoorlog in die jare 1914-1918 gewoed het of dat daar in 1914-1915 'n rebellie of 'n gewapende verset was teen die Unie se deelname aan die oorlog nie. Die groot mynstaking van 1921-22 word nie vermeld nie, terwyl dit alles gebeurde was wat ook die lidmate van die kerk ernstig beroer het.

Dit hang waarskynlik saam met die feit dat in die Engelse burgerstaatstruktuur, waarin die Transvaal na 1902 ingedwing is, alleen deur middel van 'n politieke party deelgeneem kon word aan die politiek. Die partypolitiek het skerp verdelend ingewerk omdat die belang van die politieke party soms hoër gestel is as die van die volk. Onseker en ongewoond aan hierdie verdelende faktor wat in die volkslewe ingedra is, terwyl die noodsaaklikheid van saamstaan om in die uiters ongunstige omstandighede te oorleef, sterk aangevoel is, het die kerk die politiek-staatkundige vermy. 'n Enkele maal het Oom Sarel hom daarvoor uitgelaat en in 1912, in die rusie rondom Gen J B M Hertzog se standpunte oor taal en nasionalisme (Van den Heever 1943:303vv), die

posisie van die predikant in die politieke arena soos volg aangedui (*De Hervormer*, 15 Jan 1912): '... als zij spreken mogen en moeten over de hoogste geestelijke belangen hunner natie, zij dan waarlijk ook wel gehoord mogen worden in de, eveneens grote, maar toch niet de grootste zaken, die het volksleven raken'. Omdat die partypolitieke verdeling ook in die kerk deurgewerk het en 'n verdelende faktor geword en gebly het, het *De Hervormer* egter die terrein vermy (*De Hervormer*, 15 Mei 1924). Dit gee aan die kerklike blad 'n sekere wêreldvreemde indruk en het miskien daartoe bygedra dat dit die indruk geskep het dat dit nie werklik ter sake was nie. Tog was daar heelwat predikante wat by die politiek betrokke was. Vir sover daarvoor onenigheid ontstaan het, is daardie situasies deur die vergaderings van die ampte hanteer of is dit daar gelaat.

Tog is dit duidelik uit die gees en gesindheid van *De Hervormer* dat daar in die kerk 'n duidelik Afrikaner-nasionale gees geheers het (vir die omskrywing van die begrip *nasionaal*, vgl Steyn 1987:13-16). Die betrokkenheid by die handhawing van die taal, die saak van Christelik-nasionale onderwys, die pogings om 'n eie Afrikaanse kultuurbelewung te handhaaf, die bekommernis oor en optrede op die vlak van die ekonomiese selfstandigheid van die Afrikaner, getuig alles dat die kerk betrokkenheid by die volk as vanselfsprekend beskou het. In dié proses is sowel die grense as die inhoud van die kerk en die volk, geestelik-kultureel gesproke, aangedui. Dit was veral Oom Sarel wat voortdurend hieraan aandag gegee het, gewaarsku het en leiding probeer gee het. Dit word, ook uit die *Brieven van Oom Sarel* duidelik hoe die Engelse lewenstyl en -inhoud geleidelik voortgevreet het danksy die neutrale, dit wil sê godsdienslose, skoolonderwys en die geleidelike aanvaarding daarvan deur die Afrikaner in die stede. Nieteenstaande die kerk se eie probleme met finansies en ekonomiese oorlewung (*De Hervormer*, 15 Desember 1921) het die kerk, lidmate en ampsdraers, op hierdie vlakke tog positiewe bydraes gemaak. Hoewel dit feitlik onmoontlik is om statistiese gegewens oor so 'n saak te bekom, skep *De Hervormer* en die vergaderings van die ampte die indruk dat hulle weerstand gebied het téén die poging om die Afrikaner as volk te laat opgaan en verdwyn in 'n groter geheel. In *De Hervormer* van 15 Mei 1910 stel oom Sarel:

Ge hebt zeker wel eens gehoord van heksen, die in een grote ketel een afschuwelijke kost klaarmaken. Wel nu daaraan doet my de Unifikatie denken. De voormannen van Zuid-Afrika zijn naar den wensch van Engeland bij mekaar gekomen en hebben alles wat ze maar in Suid-Afrika by mekaar konden slepen, groen en rijp, zoet en zuur, wit en swart, balsemgeur en stiklucht bij mekaar gemengd in eene grote ketel en stoken nu een vuurtje om dat brouwsel te laten koken en gaar te maken.

Oom Sarel se negatiewe beoordeling van die voorgestelde nuwe bedeling is deur hom soos volg gemotiveer: '... maar om dat we eene Unie van Zuid-Afrika krijgen waarin alles gegrond is op de menschen. In de Unie-Conventie, is geen spoor van Godsdienst, laat staan van het Evangelie te vinden. Maar nu de Vereeniging van Zuid Afrika word gemaakt, nu is daar voor Hem, voor wien de volken beven, geen plaats meer'.

Dit sal vir die doel van hierdie artikel te ver gaan om, ter wille van 'n presiese koersbepaling uit te spel presies hoe die kerk betrokke was by taalhandhawing (*De Hervormer*, 15 Januarie 1921), die saak van Christelik-nasionale onderwys teenoor die volledig Engelse onderwys na 1902 en die godsdienstig-neutrale onderwys na 1907, die verset teen die verengelsing en die daarmee gepaardgaande verwêreldliking van die Afrikaner se lewenstyl en kultuur, en die kerk se bemoeienis met én betrokkenheid by die oplossing van die armblanke-vraagstuk. Tog is dit opvallend dat juis rondom die Christelik-nasionale onderwys die kerk en sy woordvoerders sterk op die standpunt van die Calvinistiese teologie gestaan het en voortdurend stryd bly voer het teen die neutrale onderwys, vanaf 1907 in die Transvaal en dan na 1910 in die Unie. Dit is seker nie vreemd dat die kerk juis in hierdie tyd, soveel aandag aan die onderwys gegee het nie. Die kwaliteit van die opvoeding en die onderwys van die gedoopte kinders van die gelowiges bly altyd vir die kerk as geloofsgemeenskap, 'n saak van gewig. Daarom is die saak van Christelik-nasionale onderwys deurlopend in *De Hervormer* bespreek en bepleit. In eie kring is daar ook sorg gedra dat die kategeese in 'n duidelike Bybels-reformatoriese koers ontwikkel het. Dit was ook die koers wat die *Almanak*, *De Hervormer* en die vergaderings van die ampte aangedui het.

Tog is uit *De Hervormer* en selfs uit die notules van die vergaderings van die ampte moeilik om vas te stel watter invloed manne soos C W du Toit, F S du Toit, Ennis en Van den Heever op die koers van die kerk gehad het.

Van belang is eger dat hoewel die Kerk, vanweë 'n reeks materiële redes, nie in staat was om breed na buite op te tree nie, die kerk tog bewus was van die feit dat die evangelie in die wêreld uitgeleef moet word en dat die gehoorsaamheid aan God beoefen moet word omdat dit die *leitourgia* van die kerk is. Juis so het die kerk die Bybels-reformatoriese koers gehandhaaf op die totale terrein waarop die kerk en die gelowiges hulle dienswerk moet lewer, bespreek, beoordeel en opgetree.

6.1 Die koers van die kerk op die teologiese vlak

Die vraag na die teologiese koers van die kerk kan alleen versigtig aangedui word omdat die gegewens, om dit te beoordeel, maar skaars is. Allereers kan gestel word dat die teologiese koers nie altyd net deur wetenskaplik-teologiese oorwegings bepaal is nie, want daarvoor was die kerk in die breë, op daardie stadium, nog nie gereed nie.

Dit is egter duidelik dat die koers van die oorspronklike Nadere Reformasie — Calvinistiese ortodoksie — soos aangedui deur die 'oude skrywers', geleidelik begin ver- vaag het omdat, veral die predikante, nie daarby aangesluit het nie. Na die kerk- vereniging was dit veral Goddefroy, 'de rots en redder van onze Kerk', soos oudl M J Pos hom beskryf het (*De Hervormer*, 12 Desember 1919) wat die koers van die kerk in 'n Bybels-reformatoriese rigting gestuur het, soos blyk uit sy geskifte. Daarin is hy gesteun deur Van Belkum wat veral deur *De Hervormer* die ortodokse Bybels-reforma- toriese teologie bevorder en gepopulariseer het. Dit blyk ook uit die feit dat *De Her- vormer*, vanaf 15 April tot 15 November 1910, die *Kort Begrip der Christelike Religie* in die blad opneem. Dit was nie net die vrae en antwoorde nie, maar 'n uitleg is daarby gegee, waarskynlik uit die pen van Van Belkum. In *De Hervormer* van 15 April 1921-15 November 1922 is die *Kort Begrip* met 'n uitleg van ds A J Barger weer gepubliseer. Dié uitleggings, net soos die *Sondagskoollesse* wat vanaf Februarie 1916 verskyn het, was na gees en inhoud Bybels-reformatories. In 1918, tydens die griep- epidemie, skryf Oom Sarel (*De Hervormer*, 15 Desember 1918) dat die epidemie God se oordeel is wat oor die wêreld gaan. In die soeke na die verkeerde wat so gestraf word, sê hy, onder andere:

Niet minder groot kwaad hebben die theologen gedaan die door het po- pularisering van de sg Bijbel-kritiek, de invloed van het H Schrift heb- ben gebroken. Een mens, ook de arbeider, moet lezen om zijn geestelik en verstandelik leven te onderhouden en te bevorderen. Waar nu vroeger de Bijbel het Boek was dat gelezen werd, maar door de zoge- naamde nieuwere richting verklaard werd te zijn een boek van fabels en van geen betekenis voor de 19e eeuw, is een andere lectuur daarvoor in de plaats gekomen, welke ophitste tegen de rijkere mensen, de ontevren- denheid voedde en een maatschappelijke toestand voorspiegelde van gelijkheid van alle mensen.

Die nogal skerp uitspraak staan teenoor die bemoedigende, troostende Herderlike Brief wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die lidmate gerig het (*De Hervormer*, 15 Desember 1918). Dit wil uit die beskikbare getuienis voorkom dat die Bybels-reformatoriese teologie die bepalende in die kerk was. 'n Sekere minderheids- groep, teologies gesproke, is gevorm deur ds C W du Toit van Potchefstroom wat sy invloed in Wes-Transvaal gebruik het om daar predikante uit die Nederduits Gerefor- meerde Kerk te beroep, naamlik ds A Murray in 1899 na Ventersdorp, ds F S du Toit

na Ventersdorp in 1905, nadat ds Murray na Rustenburg verhuis het; Ds P W Ennis in 1905 na Klerksdorp en ds K T van den Heever in 1908 na Makwassie wat in 1915 weer terug is na die verenigde kerk. Nie een van dié predikante het, teologies gesproke, 'n besondere invloed in die kerk gehad nie en dit is moeilik om te bepaal presies watter invloed hulle op die teologiese koers van die kerk gehad het.

Die belangrikste gebeurtenis wat 'n aanduiding van die teologiese koers van die kerk gegee het, was die saak rondom ds C J L Ruysch van Dugteren in 1911. Hier het dit gegaan om die vraag of die ondertekening van die proponentformule bindend was of nie. As hy, in 'n oop brief aan die lidmate verklaar dat hy dié ondertekening slegs as 'n formaliteit beskou en daarom vry wil wees van enige binding aan die belydenisskrifte, dan skep hy vir homself probleme. In 'n baie duidelike skrywe het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gestel (NH Kerkargief, Notule Kommissie van die AKV, 7-8 September 1911): 'Dat de Hervormde Kerk in Zuid Afrika geene leervrijheid kan toestaan en ook nooit toegestaan heeft, wat tot ontbinding der Kerk zou kunnen leiden;' Die Kommissie het geoordeel dat ds C J L Ruysch van Dugteren se verklaring dat hy hom nie kan hou aan sy ondertekening van die proponentformule nie, beteken het dat hy homself onttrek het van die amp (Botha 1979:200-209). Daarmee was die saak formeel afgehandel.

Die saak het nog 'n nadraai gehad toe dr H D J Bodenstein in 1912 'n pamflet gepubliseer het met die titel: *Schorsing van Ds Ruysch van Dugteren: Wordt de Hervorm. Kerk Roomsch?* Volgens hierdie geskrif het ds Ruysch van Dugteren die leer van die uitverkiesing, soos dit in die Leerreëls van Dordrecht staan, aan die Bybel getoets en vasgestel dat dit nie volkome in ooreenstemming met God se Woord was nie. Op grond van die beginsel van gewetensvryheid, wat 'n hoofbeginsel van die Hervorming sou wees, het ds Ruysch van Dugteren opgetree. Die Kommissie het egter nie op die saak self ingegaan nie, maar homself slegs op die Kerkwet beroep om, soos Bodenstein dit gestel het, ds Ruysch van Dugteren uit die kerk te kry (Bodenstein 1912:28-37). Op hierdie geskrif het Goddefroy geantwoord met 'n brosjure: *Neen niet Roomsch*. Daarin het hy nie net Bodenstein se argumente weerlê nie, maar ook duidelik aangetoon dat ds Ruysch van Dugteren met sy standpunt homself buite die amp geste! het en dat die beroep op gewetensvryheid daarná net nie opgaan nie. Tereg stel Botha, as hy hierdie brosjure bespreek (1979:209): 'Daar is weinig ander geskrifte bekend waar die verhouding van Skrif, belydenisskrif en kerklike orde en die dienaar van die Woord se verantwoordelikheid ten opsigte van die drie sake, so helder en duidelik uiteen gesit word'. Daarmee het Goddefroy die Bybels-reformatoriese koers van die kerk duidelik aangedui. Tydens die Algemene Vergadering van 3 Desember 1912 het daar 'n beskrywingspunt van Pretoria gedien. Daarin vra die kerkraad dat

aangesien ds Ruysch van Dugteren in sy oop brief aan die lidmate gesê het dat daar nog predikante is wat besware teen die belydenis sou hê, alle predikante gevra sal word '... of zij nog stipt houden aan het door hen ondertekende formulier'.

In 'n kommissieverslag oor dié beskrywingspunt word gestel dat hoewel dit vir die predikante 'pijnlik' kan wees om so 'n verklaring af te lê:

... nochtans zeer in het belang der Kerk, dat de leeraars zich onder de gegeven omstandigheden en uit liefde voor onze Kerk openlik uitspreken, dat zij zich noch steeds wel degelijk gebonden achten door hun naamtekening aan de belijdenis onzer Kerk overeenkomstig de formule door hun destijds ondertekend'.

Dié verslag is met algemene stemme aanvaar nadat al die predikante verklaar het dat hulle nog by hulle handtekening onder die proponentsformule staan. Daar is selfs besluit dat ds J J Prinsloo, wat nie die vergadering kon bywoon nie, 'n geleentheid gebied moet word om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te ontmoet, '... om zich voor de Kommissie te verklaren over dit punt'. Dit was duidelik dat die Algemene Kerkvergadering géén leervryheid onder sy predikante wou toelaat nie. Daarom het die vergadering ook volkome binne sy reg, van al sy predikante 'n herbevestiging gevra van die onderneming wat gegee is toe hulle tot die amp toegelaat is. Hoewel die uitsonderlike geval van Ruysch van Dugteren dit veroorsaak het, is daar kerkordelik geen rede waarom die vergadering nie so 'n herbevestiging kan vra nie. Hoewel die onderneming en die onderhouding van die proponentsbelofte vir 'n deel berus op die aanvaarde eerbaarheid van diegene wat tot die amp toegelaat is, is die versoek tot herbevestiging nie verstaan as 'n aantasting van die eerbaarheid van die predikante nie en behoort dit ook nooit so verstaan te word nie.

Met hierdie handeling het die Algemene Kerkvergadering duidelik laat blyk dat leervryheid, dit wil sê afwyking van die belydenis van die kerk, soos dit in die Formuliere van Eenheid voorkom, nie aanvaarbaar is nie. Dit het nie die toetsingsreg ten opsigte van die belydenisskrifte enigsins geraak nie maar ook weer die voorgeskrewe en aanvaarde prosedure rondom die toetsingsreg herbeklemtoon (NHK Argief: Notule Algemene Kerkvergadering, Desember 1912).

Samevattend hieroor kan gesê word: die beslissings wat hier in 1912 geneem is, het 'n duidelike bevestiging aan die Bybels-reformatoriese teologiese koers van die kerk gegee. In hierdie klimaat het die teologiese opleiding 'n vyf jaar later begin en 'n bydrae gelewer om hierdie opvattinge in die kerk te bestendig.

7. SAMEVATTEND

Die koers van die kerk na 1894 was merendeel 'n voortsetting van die koers wat aangedui is deur die Algemene Kerkvergadering van 1888. Hoewel die kerk op organisatoriese en stoflike vlak 'n groot terugslag beleef het vanweë die Engelse Oorlog van 1899-1902, en hoewel dit lank geduur het voordat die gemeentes en die vergaderings van die ampte, op stoflike gebied weer beweegruimte gehad het, is met toewyding voortgegaan. Die omwenteling na die oorlog toe die gelowiges onderwerp is aan 'n voortgaande verengelsingsbeleid en 'n sekularisasieproses wat hand aan hand daarmee gegaan het, is ook mettergaan oorwin en die kerk het bly groei. In 1902, net na die oorlog, het die kerk maar 4 predikante en 8 000 lidmate gehad terwyl in 1924 die kerk oor die dienste van 19 predikante en twee professore beskik waarvan ses al produkte van die eie opleiding was. Volgens die gemeentelike sensus, wat nie baie betroubaar was nie, was daar toe al 41 gemeentes en meer as 18 500 lidmate met verder nog gemeentes in Betsjoeanaland, Suid-Rhodesië, Tanganjika, Kenia en Angola. Na binne en na buite was die kerk weer besig om op gang te kom. Verhoudinge met die ander Afrikaanse kerke was besig om te verbeter, want die druk van die Engelse kulturele aanslag het die Afrikaner gedwing om saam te staan. Ook oor die sending is gehandel en geleidelik sou dit ook op gang kom (Engelbrecht 1953:373-375). Tog was die primêre gerigtheid van die kerk vanselfsprekend op die Afrikaner gerig en, soos aange-
toon, het die kerk op die kulturele en maatskaplike vlak gedoen wat moontlik was.

Die opmerking van Oom Sarel in *De Hervormer* van 15 Maart 1911 was in 1924 nog in 'n hoë mate geldig:

Maar ik geloof, dat het met onze kerk nu nog gaat als in de winter. Alles schijnt dood en dor en zonder leven, maar ondertusschen verzamelt de natuur in die tijd hare kracht om deze in de lente weer te openbaren.

Vele vergeten hoe de stormen over de kerk gegaan zijn in het laatst deel der vorige eeuw en dat het niet altijd zoo gemakkelijk gaat de verwoesting door stormen veroorzaakt te boven te komen.

Men geve ons tijd.

Die geloof in God, die toewyding aan die kerk en die vasberadenheid om 'in het voetspoor der vaderen' te werk en te bou, het, menslik gesproke, die kerk weer laat ontstaan en voortgaan. Hierdie swaarkry en moeisame heropbou periode in die geskiedenis van die kerk is deel van die erfenis van die huidige geslag wat die vrugte pluk van hulle geloof, opoffering, vasberadenheid en volharding.

Literatuurverwysings

- Bodenstein, H D J 1912. *Wordt de Hervormde Kerk Rooms?* Pretoria: Het Westen Drukkerij.
- Botha, S J 1979. *Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920: Sy lewe en betekenis.* Pretoria: HAUM.
- Botes, H J 1989. *Ds L E Brandt 1873-1939 as kerklike leier en bouer.* DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Bruwer, P F 1988. *Vir volk en vryheid.* Morgenzon: Oranjewerkers Promosies.
- Brandt, L E 1925. Onze tradities en gewoonten. *Almanak*, 106-117.
- Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad-Pretoria: HAUM/J H de Bussy.
- Little, J S 1903. *Progress of the British Empire in this century.* London: Collins.
- Nimocks, W 1968. *Milner's young men.* London: Hodder and Stoughton.
- Marais, J S 1961. *The fall of Kruger's republic.* Oxford: Clarendon Press.
- McCord, J J 1952. *South African struggle.* Pretoria: J H de Bussy.
- Otto, J C 1954. *Die konsentrasiekampe.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Pont, A D s a. Kerk en volk. 'n Bespreking na aanleiding van die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1888. *HTS* 25/3 & 4, 202-218.
- 1992. Kerkgeskiedenis in ons teologiese opleiding: 1917-1956. *HTS* 48, 253-272.
- Pretorius, S P 1986. Die kerkvereniging, sy aanloop en mislukking. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Steyn, J C 1987. *Trouwe Afrikaners.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van den Heever, C M 1943. *Generaal J B M Hertzog.* Johannesburg: A P Boekhandel.
- Wolmarans, A D W s a. *Kerkhistoriese feiten.* Pretoria-Amsterdam: J H de Bussy.

Nederduitsch Hervormde Kerk Argief, Pretoria

Notules: Algemene Kerkvergadering

Notules: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

De Hervormer

De Transvaalsche Kerkbode

De Volksstem

The Star

Almanak voor de Ned Hervormde Kerk in Z Afrika.